# Mediaverklaring: 21 April 2024

## Gesamentlike Afrikaner Verklaring by die 30-jarige herdenking van Suid-Afrika se grondwetlike bedeling

’n Leiersnetwerk van verskeie Afrikaner-organisasies, -netwerke en -individue reik hierdie gesamentlike verklaring uit om ’n pad vorentoe uit te stippel in die lig van die ernstige krisis waarin die land en die Afrikaner-gemeenskap verkeer. Hierdie verklaring spruit uit ernstige kommer oor die versnelde staatsverval in die land, ons ervaring dat die ANC belangrike dele van die 1994-skikking verbreek, en die voorneme van Afrikaners oor ’n wye spektrum om saam opbouend aan oplossings vir ons eie gemeenskap én vir die land te werk.

Die erns hiervan blyk daaruit dat dit die eerste gesamentlike verklaring vanuit Afrikanergeledere sedert 1994 is. Hoewel die ondertekenaars nie voorgee om namens alle Afrikaners te praat nie, doen ons dit minstens ten behoewe van die nagenoeg twee miljoen mense wat deur hierdie organisasies verteenwoordig word. Die verklaring spruit uit gesprekke tussen verskeie Afrikaner-organisasies, -leiers, -netwerke en -individue wat sedert 2021 gereeld vergader het om oor Afrikaners se toekomstige rol en plek in die land te besin.

Terwyl Afrikaners die afgelope 30 jaar hulself deur verskeie organisasies beywer het vir die beskerming van Afrikaners se regte en vryhede, en bygedra het tot die welstand van die land in geheel, was een leemte dat daar nie ’n gemeenskaplike benadering was nie. Ons kon nie ons standpunte met een stem teenoor ’n toenemend afsydige en selfs vyandige regering stel nie. Onder hierdie omstandighede het verskeie organisasies in ons geledere die pad met groot welslae begin stap om self op te tree, en selfversorgend en onafhanklik van die staat en regering voort te gaan, omdat ons nie ’n ander keuse gehad het nie. Hierdie strewe na selfstandigheid het vorme van selfbeskikking, die bevordering van Afrikaans, sosio-ekonomiese projekte, kulturele ontwikkeling, voedselsekuriteit en fisiese veiligheid ingesluit.

Ons gesprekke het daartoe gelei dat ons die noodsaak van ’n gesamentlike openbare verklaring onderskryf waarin ons ons gemeenskaplikhede eerder as ons verskille kon beklemtoon. Dit kan gevolglik gesien word as die eerste eenheidsverklaring sedert die aanvang van die nuwe bedeling, hoewel dit steeds voorsiening maak vir ’n veelheid van menings.

Ons reik hierdie verklaring uit met die volgende drie doelwitte:

- Ons wil hê alle Suid-Afrikaners moet kennis neem van die gesindheid en goeie trou van Afrikaners.
- Ons wil hê soveel moontlik ander Afrikaner-organisasies, -netwerke, -leiers en -individue moet die verklaring onderteken.
- Ons wil die regering oortuig van die noodsaak om ’n kultuurverdrag met Afrikaners te sluit, ter wille van stabiliteit en tot voordeel van die land en al sy mense.

Die aangehegte verklaring fokus op 12 kernsake:

1. Afrikaners is 'n inheemse kultuurgemeenskap verbind aan Afrika.
2. Ons wil hier bly en tot die welstand van die land en al sy mense bydra.
3. Samewerking is in die belang van almal se vryheid, veiligheid en voorspoed.
4. Ons bou om in Suid-Afrika te bly.
5. Kulturele vryheid is 'n voorwaarde vir demokratiese vryheid.
6. Ons onderskryf die gelykwaardigheid van alle gemeenskappe.
7. Die verlede moenie ons almal se toekoms vernietig nie.
8. Die Grondwet erken die strewe na grondgebied.
9. Ons onderskryf eenheid in verskeidenheid.
10. Dit is vir ons nodig om inspraak by die owerheid te kry.
11. Ons wil bydra tot die ekonomiese bemagtiging van alle Suid-Afrikaners.
12. Ons wil 'n kultuurverdrag met die regering sluit om hierdie sake vas te maak.

Hierdie verklaring word uitgereik en is ooreengekom deur die volgende organisasies, netwerke, leiers en individue:

**AFRIKANER VERKLARING ONDERTEKENAARS**

| **Van** | **Naam** | **Organisasie** |
|---|---|---|
| Boshoff | Carel | Vryheidstigting |
| Bosman | Jan | Afrikanerbond |
| Burger | Schalk | Wynboer en sakeman |
| Buys | Flip | Solidariteit Beweging |
| Coetzee | Heleen | Akademia |
| De Jager | Theo | SAAI |
| Eloff | Theuns | Fasiliteerder en onafhanklike kommentator |
| Goosen | Danie | Akademia / FAK |
| Greef | Oppel | Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns |
| Hermann | Dirk | Solidariteit |
| Human | Werner | Solidariteit Beweging |
| Kok | Alida | Akademia |
| Kriel | Kallie | AfriForum |
| Langner | Danie | Voortrekkermonument / FAK |
| Malan | Koos | Konstitusionele Juris |

| | | |
|---|---|---|
| Mynhardt | Monica | Joernalis |
| Opperman | Chris | Afrikaner Afrika Inisiatief |
| Papenfus | Gerhard | NEASA |
| Wiese | Dries | Afrikanerbond |

Medianavrae kan aan enige van die bogenoemde gerig word, maar die volgende persone sal navrae kan beantwoord en aanstuur:

- Theuns Eloff (082 806 4956)
- Flip Buys (082 335 3430)
- Werner Human (084 549 6503)